# BWAV KENNISGEWING

## BELANGRIKE KENNISGEWING VIR DIE ALGEMENE

## JAARVERGADERING OP 3 FEBRUARIE 2017

**HIERMEE WORD KENNIS GEGEE VAN DIE BWAV SE ALGEMENE JAARVERGADERING WAT GEHOU SAL WORD OP 3 FEBRUARIE 2017 OM 18:30 VIR 19:00, TE PANORAMA GASTEHUIS, NABOOMSPRUIT!**

**ALGEMENE JAARVERGADERING - 3 FEBRUARIE 2017**

**Die huidige grondwet maak daarvoor voorsiening dat sekere bestuursposte terwille van kontinuïteit twee jaarliks verkies kan word. Vir die doel sal die bestuur voorstel dat 'n verkiesing ten opsigte van die volgende poste gehou word. Die huidige posbekleërs se name verskyn in hakkies:**

1. **Voorsitter**
2. **Onder Voorsitter – (Louw Pretorius)**
3. **Toegewyde Jagters komitee – (Pieter Botes)**
4. **Sekretaris**

**Aan elke lid wat deur die jaar ons ondersteun en bygestaan het, sy kant gebring het en saam met ons gekuier het, BAIE DANKIE!**

**Met dank**
**BWAV Bestuur**

## .22 SKIETKOMPETISIE

**Neem kennis dat die .22 kompetisie wenners van 2016 hul sertifikate sal ontvang tydens die Algemene Jaarvergadering op 3 Februarie 2017.**
**1ste – TINUS VAN STADEN**
**2de – FRIKKIE VAN STADEN**
**3de – TOBIE KRITZINGER**

---

**NEEM ASB KENNIS DAT DIE BWAV KANTOOR SKUIF NA 4DE STRAAT NR. 6, NABOOMSPRUIT BY THERON WESSELS & VENNOTE ING VANAF 04/01/2017.**

# PRESTIGE AAND 2016 - TERUGVOERING:

**Die prestige aand van 18 November 2016 was 'n reuse sukses by Die Olifant Restaurant met 'n ledetal van 70+. Die kos was heerlik voorberei en almal het dit terdeë geniet. Ons bedank die volgende persone:**

- **BWAV Bestuur wat as 'n span saamgewerk het**
- **Schalk Wessels as seremoniemeester**
- **Neville van Die Olifant Restaurant**
- **Marina Booyens wat fotos geneem het**







## ***Trofee Wenners van 2016:***



***Agter - links na regs: Jacques Kruger (Meriete Trofee); Frikkie Geyser Jnr (Beste Junior skut); Riaan Bothma (Beste Bosveld skut); Elardus Harris (Postuum aan Doc Lappies Labuschagne vir Versamelaar van die jaar); Gerhardus Brits (Beste Vlakte skut)***
***Voor - links na regs: Louw Pretorius (Voorsitter); Tokkie Krüger (Beste Prestige skut en Beste Senior skut); Johannelize Du Toit (Beste Dames skut); Theron Wessels (President)***

## ***Beste Spanskiet vir 2015:***



***Van links na regs: Louw Pretorius (Voorsitter); P. C. Du Plessis (Jnr); P.C. Du Plessis (Snr); Theron Wessels (President).***

## BOODSKAP VAN DIE VOORSITTER

Dit is goed dat ons met Kersfees so baie lig om ons sien. In strate en winkels, in huise en tuine, op bome en geboue, op die televisie, oral. Versierings wat skitter, liggies wat flikker, kerse wat brand. Dit is goed, want dit adem die atmosfeer van Advent. Dit help skep die stemming van Kersfees. Met Kersfees is daar lig in die lug. Die Kind wat gebore is, ís immers die Lig van die wêreld, die Son van geregtigheid, die Môrester, die Lig vir hulle wat in duisternis woon. Advent is ‘n tyd vir lig, nie net óm ons nie, maar die ín ons, juis as die donker ons wil oorweldig.

Geseënde Kersgroete
Louw Pretorius

---

## BOODSKAP VAN DIE PRESIDENT

2016 Was in vele opsigte vir ons land, ons organisasie en vir ons lede, ‘n baie moeilike jaar.
Die droogte, swak ekonomiese toestand, ‘n swak wisselende wisselkoers, het dikwels bygedra tot neerslagtigheid en is almal gedwing om die “belt” stywer te trek. Ons lede en die BWAV is nie teen voormelde gevrywaar nie.
Wat die toekoms inhou, kan ons, en allermins ek, nie voorspel nie, maar kan slegs geloof, hoop en liefde, en ‘n positiewe ingesteldheid bewerkstellig. Die goeie reëns, waarvoor ons baie dankbaar is, dra baie by tot ‘n meer positiewe gemoed.
Iemand het eenmaal gesê: “Al sê hulle dat die wêreld môre sal vergaan plant ek vandag nog ‘n boom.”
Dit is my wens dat 2017 vir al ons lede en die BWAV, voorspoed en guns sal inhou en dat ons saam sal werk om die BWAV uit te bou om ‘n ware tuiste te wees vir die jagter, versamelaar en vuurwapen eienaar.
Mag u ook ware Kersvreugde ervaar en die hereniging van familie en vriende die Kersboodskap van “..... so lief het God die wêreld gehad.......” intens beleef.

Theron Wessels
PRESIDENT

---

## KERSGROETE VAN DIE BESTUURSPAN:

Let wel dat Masada skietbaan se sleutel beskikbaar sal wees tydens die hele Desember. Skakel Elbie by 081 492 2051 om reëlings te tref asb. Die BWAV Bestuur wens u almal ‘n Geseënde Christusfees en ‘n Voorspoedige Nuwe jaar vol liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing en alles wat mooi en spesiaal is. BWAV groete!

